# EUROPA — HUIDIGE ONTWIKKELINGE EN VRAAGSTUKKE

**Prof. C. P. van der Walt**

Die verswakking en agteruitgang van Europa, meer bepaald Wes-Europa, wat met die Eerste Wêreldoorlog begin het en deur die Tweede Wêreldoorlog beseël is, het meegebring dat dié vasteland nie tans meer die sentrum van die internasionale politiek is soos dit etlike eeue lank die geval was nie. En tog is Europa vandag nog van eersterangse belang, en wel op grond van die volgende:

Eerstens, omdat dit die belangrikste kweekbodem was van die Westerse beskawing wat mettertyd na die uithoeke van die aarde versprei het, insluitende Suid-Afrika. Ten opsigte van die Christelike godsdiens, die wysbegeerte, die wetenskap en die kuns sowel as die vorme en instellinge op die gebied van die sosiale, ekonomiese en politieke lewe het Europa 'n unieke en ongeëwenaarde bydrae tot die beskawingsontwikkeling van die wêreld gelewer.

Verder is daar die feit dat dit meer as 'n duisend jaar lank die middelpunt van die wêreld was; en gedurende ruim die helfte van die tyd het dit as gevolg van 'n ongekende magsontplooiing van die begin van die moderne tyd af inderdaad die wêreld beheers. Weliswaar het die twintigste eeu die omkering van dié proses gebring; maar selfs die magte wat hierin 'n rol gespeel het, wat tot die gisting en woeling bygedra het, is uit Europese bronne gevoed.

Daar kan dus verklaar word dat kennis van Europa 'n noodsaaklike voorwaarde is vir 'n begrip van die huidige wêreld en die eietydse gebeure.

Van sy oorlogswonde het Europa bo verwagting herstel; en in menigerlei opsig oortref sy aktiwiteite en prestasies tans selfs dié van die vooroorlogse jare. Danksy die werks- en skeppingsvermoë van die Europeër, beklee dié wêrelddeel in hierdie tyd van skouspelagtige vooruitgang, veral op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied, weer 'n eervolle posisie; maar dis ook die geval wat die handel en nywerheid betref, en selfs ook ten opsigte van die geesteswetenskappe.

En alhoewel Europa nie meer die hoofrol in die internasionale politiek speel nie, het dit ook op dié terrein minstens weer 'n faktor van betekenis geword. Wat meer is, dit vorm een van die brandpunte van die wêreldpolitiek. Feit is dat die

naoorlogse en huidige magsverdeling, dié van twee konfronterende blokke, uit Europese toestande gebore is; en soos begryplik het hulle dáár steeds die skerpste teenoor mekaar gestaan. En noudat daar geleidelik 'n nuwe verhouding, een van afnemende spanning, na vore tree, is dit veral merkbaar in dié sektor waar dit die hewigste was. Vanselfsprekend is dié ontwikkeling dan ook vir Europa van die meeste belang.

Die groot struikelblok, die skynbaar onoplosbare probleem, op die weg na 'n nuwe bedeling is die verdeling van Duitsland en, wat daarmee ten nouste saamhang, die verdeling van Europa.

Die situasie is egter besig om te verander; en in die nuwe ontwikkeling speel Frankryk onder pres. De Gaulle 'n belangrike rol. Trouens, met sy besondere siening van Europa en die algemene patroon van internasionale verhoudinge sowel as van die weg om tot 'n bevredigender toestand te geraak, word die bestaande orde aan kwaai druk onderwerp, sodat daar in belangrike opsigte 'n nuwe situasie ontstaan het.

Wat Wes-Europa betref, was die betekenisvolste ontwikkeling gedurende die naoorlogse jare seker die eenheidstrewe wat in die vyftigerjare in die skepping van die Europese Gemeenskapsmark gekulmineer het. Nou, in sy tiende bestaansjaar, staan hierdie organisasie weer in die middelpunt van belangstelling as gevolg van die hernieude poging van Brittanje om as lid toegelaat te word.

Die genoemde sake is tans na my oordeel, wat op persoonlike waarneming ter plaatse gedurende die eerste gedeelte van hierdie jaar gebaseer is, die dringendste ontwikkelinge op die gebied van die internasionale politiek in Europa; en hiermee is terselfdertyd die onderwerpe aangedui wat verder in die referaat uitgewerk sal word.

Uit die voorafgaande is dit seker reeds duidelik dat daar nou, ná die periode van verstarring sedert die Tweede Wêreldoorlog, 'n fase van meer beweeglikheid in die Europese politiek begin intree, dat daar ná twee dekades van koue oorlog pogings in die werk gestel word om beslag te gee aan 'n vredestydse orde, of om minstens 'n aanpassing van die naoorlogse sisteem te bewerkstellig. 'n Maklike taak is dit gewis nie, en nuwe vraagstukke sal onder oë gesien moet word. Dit mag trouens blyk dat die skepping en instandhouding van 'n vredesbedeling nie makliker en eenvoudiger sal wees as die gespanne tye en situasies van die verlede nie. Hoe dit ook sy, die neiging

tot groter vloeibaarheid verg nuwe besinning en maatreëls van die kant van die staatsmanne en militêre leiers; ook van diegene wat om akademiese en ander redes op hoogte van sake wil bly, vereis hierdie sestigerfase noukeurige studie en oorweging.

Wat deurgaans voor oë gehou moet word, is die feit dat die Tweede Wêreldoorlog en sy nawerking nog steeds die oorheersende faktor in die huidige Europese situasie is. Dis verstaanbaar as daaraan gedink word dat dié oorlog die tweede van sy soort gedurende hierdie eeu was en een van 'n eindelose reeks gedurende die afgelope eeue. Alhoewel sy spore op materiële gebied min of meer uitgewis is, is die oorlog nog steeds 'n lewende werklikheid veral in dié lande waar die eie bodem of burgerbevolking daarmee kennis gemaak het. Daar is ook die feit dat deur die subtiele propagandametodes die oorlog diep in die menslike gees ingedring het. Die aanwesigheid van krygsmagte sowel as sulke verskynsels soos die verdeelde Duitsland, die posisie van Berlyn en die ystergordyn tussen Wes- en Oos-Europa dien almal daartoe om die herinneringe aan die oorlog lewendig te hou. Ook die strewe om te behou wat in die stryd verwerf is of om terug te win wat prysgegee moes word, vorm 'n struikelblok vir die daarstelling van 'n permanente vredesreëling. 'n Mens het dus met die besondere toestand te doen dat daar aan die een kant die vurige begeerte bestaan om 'n herhaling van die oorlog te voorkom; en aan die ander kant verydel die vrees, wantroue en agterdog die strewe en pogings. Hoe daar, wat dit betref, tog geleidelik 'n kentering besig is om in te tree, sal vervolgens aan die orde gestel word.

### Ontspanning in die Oos—Wes-verhouding

Die magsvakuum wat deur die afloop van die Tweede Wêreldoorlog in Europa ontstaan het, sou deur die V.S.A. (in 'n sekere mate bygestaan deur Brittanje) en Rusland gevul word. Eersgenoemde het geglo dat 'n stelsel van gesamentlike beheer moontlik sou wees; laasgenoemde onder Stalin het anders oor die saak gedink. Die geleentheid moes naamlik benut word om vir Rusland nie slegs nasionale veiligheid in sy omringende wêreld te verseker nie (soos dit tradisioneel in die internasionale politiek die geval was), maar om buurstate daar te stel wat ideologies met homself sou ooreenstem.

Die gevolg was dat die regerings wat deur sy toedoen in Oos-Europa aan bewind gestel is, van Russiese steun afhanklik was; en in geval van binnelandse revolusie om 'n regeringsverandering te bewerkstellig sou dit tot ingryping deur Rusland lei. Hier het dus 'n nuwe soort alliansie tot stand gekom, wat tereg as 'n satelliet-verhouding bestempel is.

As reaksie teen die Russiese bedreiging het die Westerse blok ontstaan, wat vir sy veiligheid en weerbaarheid van die V.S.A. se kernmag afhanklik was. Vir die samesnoering van die Westerse strydkragte het die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) op 4 April 1949 tot stand gekom.

So het daar 'n nuwe en unieke internasionale situasie ontstaan, gebou op die twee fundamentele elemente, die Kommunisme as revolusionêre ideologie en die besit van kernwapens. Op grond van dié bestanddele was dit inderdaad 'n hoogs eksplosiewe en gevaarlike toestand.

Tot 'n nuwe uitbarsting, 'n derde wêreldoorlog, het dit egter nie geraak nie. Die twee magsblokke, gewikkel in 'n stryd om niks minder as die oppergesag in die wêreld nie, het tot 'n magsewewig van wêreldwye omvang geraak. Maar omdat die stabiliteit en sekuriteit op 'n *militêre* balans berus het, kon dit nie as 'n bevredigende en blywende toestand aanvaar word nie. Die behoefte aan 'n reëling wat *politieke* stabiliteit sou bewerkstelling, en by name in Europa, het mettertyd sterker geword, veral nadat daar tekens verskyn het dat die vorige verhouding besig was om 'n karakterverandering te ondergaan.

Die verslapping in die Oos-Wes-konfrontasie in Europa is bevorder deur en vorm 'n onderdeel van die afname in spanning wat daar veral van die sestigerjare af in die verhouding tussen die twee supermagte, die V.S.A. en Rusland, ingetree het. Verskillende faktore was hiervoor verantwoordelik.

Een was die feit dat die magsverhouding soos dit mettertyd gestabiliseer geraak het, so 'n delikate balans daargestel het dat versteuring van die ewewig uiters riskant sou wees. Beweeglikheid het oorgebly slegs in gebiede wat vir die leierstate nie van primêre belang is nie.

Hierdie toestand is verskerp deur die ontstaan van die sogenaamde atoomskaakmat: deur die besit van kernwapens wat te dodelik vir gebruik was, is daar „a balance of terror" geskep. Mettertyd het dit, ironies genoeg, tot 'n vermindering van die vrees vir oorlog bygedra, en daarmee het ook die

saambindende krag van die teenstellende alliansies verswak.

Dit het die V.S.A. en Rusland ook laat besef dat hulle, ten spyte van hulle ideologiese en magspolitieke konfrontasie, ook gemeenskaplike belange het, en wel om oorlog te voorkom en orde en vrede in die wêreld te bewaar — veral omrede van die onmag van die V.V.O. om dié taak te behartig. Terwyl hulle as konkurrente dus enersyds gewikkel gebly het in „'n stryd om die wêreld", het hulle andersyds in toenemende mate tot samewerking ter wille van wêreldvrede geneig. Die onlangse oorlog in die Nabye Ooste het hierdie toedrag van sake nog meer bevestig.

Die volgende is enkele aanwysings van die kentering op hierdie gebied.

Wat die Weste betref, het die onwilligheid om tydens die Hongaarse opstand in 1956 op te tree en die aanvaarding van die Berlynse muur in 1961, op 'n versaking van wyle John Foster Dulles se „roll back"-beleid gedui.

Die Kuba-krisis van die volgende jaar (1962) het as ernstige waarskuwing aan beide moondhede gedien dat sodanige situasies wat 'n wêreldbrand kan ontsteek, vermy moet word. Vir Rusland was dit beslis 'n keerpunt: die les is geleer en blykbaar onthou dat daar in hierdie sake perke is wat nie oorskry mag word nie; dat hy hom moet weerhou van avonture in gebiede van onsekere voordeel. Wat meer is, die wyse waarop hy in die algemeen deur die Weste in bedwang gehou is (ook in die geval van Berlyn en elders) het Rusland laat besef dat 'n wêreldwye deurbraak, sonder ernstige oorlog, net nie moontlik is nie, dat opperheerskappy nie binne sy bereik is nie.

'n Verdere faktor wat as remmende invloed op die Russiese strewe gedien het, was die ontluikende botsing met China, eweneens van die begin van die sestigerjare af. Maar meer nog. Die Russe moes mettertyd tot hulle ontnugtering tot die insig kom dat selfs Kommunistiese revolusies nie noodwendig bevorderlik vir die magsuitbreiding van Rusland is nie. China, Kuba, Roemenië, ens., lande wat nie onder Russiese beheer staan nie, is voorbeelde in hierdie geval.

Die verhouding tussen die twee magsblokke is ook geaffekteer deur die proses van depolarisering wat van ongeveer 1960 af begin intree het as gevolg van die ontstaan van nuwe magsentra deur die opkoms van die sg. Derde Wêreld en veral deur die magsontplooiing van China. Volgens sommige

kenners is minstens die potensiaal van China sodanig dat daar tans sprake is van 'n drieledige magsgroepering in die wêreld in plaas van die eertydse twee-polige. En in die nuwe konstellasie is daar wisselende verhoudings, met lyne wat mekaar kruis, byvoorbeeld Rusland en China wat gesamentlik teen die optrede van die V.S.A. in Viëtnam gekant is, terwyl Rusland en die V.S.A. weer saam die kant van Indië teen China kies. En dan is daar Pakistan wat lid van twee Westersgeïnspireerde alliansies is, die Sentrale Verdragsorganisasie en die Suidoos-Asiatiese Verdragsorganisasie, en tog toenadering tot China gesoek het as gevolg van sy geskil met Indië. Dít is kenmerkend van die nuwe internasionale patroon wat aan die ontwikkel is, soos dit ten beste uit Frankryk se skakeling met kommunistiese lande blyk.

Om nou verder die posisie van Europa te ontleed, kan daarop gewys word dat die brandpunt van die Oos-Wes-konflik mettertyd na gebiede buite dié vasteland verskuif het — na Suidoos-Asië, die Karibbiese gebied en Latyns-Amerika, die Nabye Ooste en Afrika — en dít het die aandag in 'n sekere mate van Europa afgetrek. En omdat albei van die semi-Europese teenstanders met ernstige probleme elders in die wêreld opgesaal geraak het, was hulle verplig om spanning en botsing in Europa te vermy. Dit geld in 'n besondere mate van die V.S.A. wat in Viëtnam vasgevang geraak het. Helmut Schmidt kon dan ook in Oktober 1966 op die konferensie van die Institute for Strategic Studies in Wenen verklaar: „Teenswoordig oordeel baie regerings dat oorlog in Europa die onwaarskynlikste van alle oorloë is".[1]) Komende van 'n Duitser, die leier van die S.P.D. in die Bundestag, kan die uitspraak seker as betekenisvol aanvaar word.

As verdere faktor wat tot 'n afname in die skerpte van die teenstelling bygedra het, kan genoem word die verskynsel dat Rusland meer kapitalisties word terwyl die Weste weer meer na die sosialisme neig. Die betekenis van hierdie toenadering van die sosiaal-ekonomiese stelsels moet egter nie oordryf word nie, soos wat daar wel die neiging bestaan om te doen. Ek meen egter dat die algemene beweging na links in die Weste en die gepaardgaande begeerte om die bestaande orde af te takel en met iets nuuts, iets revolusionêrs te vervang, 'n mate van geneentheid vir Rusland skep, want is dit nie presies wat — in uiterste vorm — 'n halfeeu gelede dáár tot stand gebring is nie?

Hoe dit ook al sy, die hedendaagse begeerte na „ophouding" laat hom ook ten opsigte van die Kommunisme geld, met die verduideliking dat die tye verander het, dat die periode van die Stalinisme tot die verlede behoort! Selfs die Roomse Kerk, voorheen afwerend in sy houding teenoor die Kommunisme, wil nou 'n gesprek voer. En daar is meer instansies wat hieraan wil deelneem.

Binne die geledere van elkeen van die blokke was ook kragte werksaam wat die saambinding verswak het. In die *Russiese kamp* kan die volgende genoem word:

1. Die afname, veral as gevolg van die industrialisasie, in die ideologiese element van die Russiese buitelandse beleid. Laasgenoemde het meer nasionaal en minder kommunisties geword.
2. Die ontwikkeling van onafhanklike kommunistiese state, waarna reeds verwys is, veral China, maar selfs ook Joegoslawië, Kuba en Roemenië.
3. Die ideologiese diversifikasie, byvoorbeeld die Russiese Kommunisme wat onder andere as gevolg van die industrialisasie milder geword het, teenoor die militanter vorm by die Chinese.
4. Die destalinasie in Rusland sowel as die optrede van die Chinese het twyfel in die geloof aan die ideologiese onfeilbaarheid van die Sowjet veroorsaak.
5. Die ideologiese begeestering het gaandeweg afgeneem, sodat die Russiese leierskap mettertyd hoofsaaklik op 'n militêr-ekonomiese grondslag berus het, met die gemeenskaplike vrees vir Duitsland as aanvullende saambindingskrag.
6. In die lande van Oos-Europa het so 'n mate van nasionale identiteit en 'n strewe na groter selfstandigheid en die bevordering van eie belange na vore getree, dat dié state inderdaad opgehou het om satelliete van Rusland te wees.
7. Die rol van ekonomiese faktore, veral die begeerte om te moderniseer en handel te dryf. En in dié opsig is nie Rusland nie maar Duitsland en die Weste en die Euromark die aantrekkingskrag. Gepaard hiermee het daar ook 'n hernieude begeerte na kulturele kontak ontstaan.
8. Die algemene afname in die vrees vir die Weste, waarna reeds as faktor by Rusland se verhouding tot die V.S.A. verwys is.

'n Soortgelyke ontwikkeling het in die *Westerse blok* plaasgevind:

1. Die skaakmattoestand en ander faktore het die onafhanklikheid van die bondgenote van die V.S.A. se beskerming verminder.
2. Die nasionale belange en verskille het toenemend aan die lig gekom, byvoorbeeld in 'n saak soos die dekolonisasie, en daarmee ook die moontlikhede vir wrywing en botsing.
3. Die begeerte, ook van die V.S.A., om 'n aandeel in die Oos-Europese handel te verkry was bevorderlik vir toenadering tot die gebied, met die bygedagte dat dit tot die skepping van 'n gunstige klimaat vir 'n politieke verstandhouding kan bydra.

Aan die begeerte na détente is nuwe krag verleen en die pogings versnel sedert pres. De Gaulle van Frankryk begin het met pogings om die V.S.A. te oorbie in die strewe om samewerking met Rusland en Oos-Europa te bewerkstellig. Sedertdien staan die saak op die voorgrond, het dit van allesoorheersende belang geword *omdat daaraan gekoppel is die begeerte na 'n nuwe, 'n blywender vredes- en veiligheidsreëling vir Europa.*

Soos begryplik berus die sleutel tot die verdere en uiteindelike ontwikkeling in finale instansie by Rusland. Om dié rede moet die Russiese houding in die saak en sy posisie en oogmerke in Europa nagegaan word.

Tweërlei omstandigheid in verband met die interne sake van Rusland was bevorderlik vir die ontwikkeling: Eerstens die liberalisering wat na die Stalin-regime ingetree het; en, tweedens, die behoefte aan vrede sodat die agterstand ten opsigte van die ekonomiese ontwikkeling ingehaal kan word.

As die omstandighede wat vroeër vermeld is, hierby gereken word (die vermindering in die ideologiese dryfkrag en die besef dat magsuitbreiding tans tot 'n vermeerdering van probleme en spanning sal lei) kan verstaan word waarom Rusland nou — verrassend genoeg — as 'n „versadigde" moondheid beskou moet word. Gevolglik is sy belangrikste oogmerk die behoud van die *status quo* en in die besonder die handhawing van die veiligheid van sy westelike grens, onder andere deur die aanhou van krygsmagte in Oos-Duitsland en in van die Oos-Europese state. Die aanvaarding van die situasie met betrekking tot Berlyn kan as bewys in hierdie verband

geld. Dis op grond hiervan dat die vrees vir die Russiese bedreiging sodanig afgeneem het dat die Franse geleerde en kenner van die internasionale politiek, Raymond Aron, kan verklaar: „Wes-Europeërs gee nie langer eers meer voor dat hulle Sowjet-aggressie vrees nie".[2]) Ook Duitsers soos Helmut Schmidt en Richard Löwenthal (professor te Berlyn) het hulle in gelykluidende trant uitgelaat.[3]) Dis belangrik om hierop ag te slaan, veral omdat die jare van die koue oorlog en die propagandastryd wat daarmee gepaard gegaan het, 'n ander beeld van die Russiese oogmerke en vermoë geskep het. Hiermee word geensins te kenne gegee dat die beer nou 'n lam geword het nie! So 'n moontlikheid word uitgesluit deur die feit dat Rusland gewikkeld is in 'n stryd om handhawing en indien moontlik verstewiging van sy posisie as wêreldmoondheid teen so 'n gedugte teenstander soos die V.S.A. Daarby is hy ook kampvegter van die aggressiewe Kommunisme. En wat albei dié sake betref, is daar, soos reeds vermeld, ook die opkomende mag van China waarteen walgegooi moet word. Die bedoeling is dus bloot om te beklemtoon dat Rusland op grond van die algemene magsverhouding en internasionale situasie verplig is om in *Europa* voorrang te verleen aan die konsolidasie van dít waaroor hy tans beskik.

Indien die moontlikhede van verdere ontspanning in die Oos-Wes-verhouding oorweeg word, moet op enkele van die struikelblokke gelet word.

Eerstens is daar die dilemma waarmee elkeen van die supermagte sit. Die V.S.A. is begerig om NAVO en sy leierskap daarin te behou, sodat hy in beheer van die toenaderingsbeweging kan bly; maar terselfdertyd wil hy die gemeenskaplike belange met Rusland bevorder. Sy bondgenote raak egter al hoe minder gediend met die beslissing van sake op 'n supermagbasis. Indien die disintegrasie van die alliansie verder gaan, is dit volgens waarnemers nie ondenkbaar nie dat die V.S.A. selfs voorkeur daaraan kan gee om met Rusland in gesprek te tree eerder as om NAVO met veel moeite aan die gang te hou.

Rusland is, hoe vreemd dit ook al mag klink, tevrede met die V.S.A.-beheer van NAVO, want dít hou Duitsland in bedwang; maar die organisasie moet nie so sterk wees dat dit die Amerikaanse mag verder vergroot en sodoende Duitsland se aspirasies aanmoedig nie! Die verswakking van die Amerikaanse posisie deur pres. De Gaulle se optrede word verwelkom, maar nie die verslapping van die verdragsverhouding nie,

omdat dit tot onstabiliteit kan lei. Verder gee Rusland voorkeur aan die twee-polige toestand bó die polisentriese omdat sy leierskap in laasgenoemde selfs deur kommunistiese state betwis kan word.

Ook die bondgenote van die leierstate twyfel oor die regte keuse. Die Duitsers vrees dat toenadering tot 'n aanvaarding van die *status quo* in Sentraal-Europa sal lei; en aan die ander kant raak hulle al hoe meer oortuig dat 'n toestand van ontspanning essensieel is vir die oplossing van die vraagstuk van die verdeelde Duitsland. Ook Oos-Duitsland, Pole en Tsjeggo-Slowakye vrees dat 'n Russiese toenadering tot die Weste tot hulle nadeel sal wees.

'n Tweede probleem is hoe om die magsewewig en gevolglike stabiliteit en sekuriteit van die afgelope jare te handhaaf in 'n nuwe bedeling waarin die aksent van militêre weerbaarheid na politiek-ekonomiese verkeer en samewerking verskuif. 'n Nie-denkbeeldige gevaar is dat daar in Oos-Europa, waar Rusland tot nog toe die vrede bewaar het, weer soos in die verlede spanninge kan oplaai as gevolg van eise in verband met grense. Dit vestig meteen ook die aandag op 'n ou en kwellende vraagstuk in Europa, naamlik dié van die minderhede.

Met nie veel geleentheid vir Rusland om die Kommunisme of sy nasionale belange in Europa verder uit te brei nie en met die Weste op dié wyse gerusgestel, skyn dit asof verdere ontspanning en 'n spoedige beëindiging van die koue oorlog verwag kan word. So 'n opvatting hou egter nie rekening met die probleme wat op dié weg voorlê nie. Want tussen die rekonstruksie van Europa, waarop die proses moet uitloop, en die huidige toestand is daar die netelige vraagstuk van Duitsland. Daarom sal dit uiteraard 'n ontwikkeling van klein en beperkte stappe wees ter voorbereiding van 'n eventuele vredesreëling, behalwe indien laasgenoemde deur onvoorsiene omstandighede verhaas sou word. Wat die bydrae van die Weste betref, kan dit nie soos in sommige kringe voorgestel word, 'n ontbinding of aftakeling van NAVO wees nie. Ontwapening kan slegs die resultaat van die proses wees: om dit as voorwaarde te stel sal die Westerse veiligheid in gevaar bring en 'n verswakking wees van die Weste se afdingingsvermoë wanneer dit tot werklike onderhandeling met Rusland kom.

Gelet op die vraagstukke en onsekerhede is dit g'n wonder nie dat 'n skrywer onlangs die vrees uitgespreek het dat daar

miskien oor enkele jare na die huidige pogings (ook in die vorm van boeke oor die onderwerp) verwys sal word as die nostalgiese verlange na die verwesenliking van 'n sprokie wat te mooi was om waar te wees![4])

Aan die byna onoorkomelike struikelblok, die probleem van Duitsland, moet vervolgens aandag geskenk word.

**Die hereniging van Duitsland en die toekoms van Europa**

Duitsland het, soos reeds gesê, die sentrale posisie in die koue oorlog beklee; met die ontspanning in die Oos-Wes-verhouding en die verdwyning van wrywingsvlakke staan dit as dié oorgeblewe en onopgeloste vraagstuk van die verlede tans in die brandpunt van belangstelling. Want vir die finale afsluiting van die Tweede Wêreldoorlog en die skepping van 'n nuwe bedeling moet daar 'n reëling ten opsigte van Duitsland kom. Die Duitse vraagstuk en die toekoms van Europa is dus onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Om die huidige problematiek te belig is dit nodig om kortliks die ontwikkeling van sake en standpunte gedurende die naoorlogse jare te skets.

Wes-Duitsland was 'n produk van die koue oorlog, en vir sy bestaan, voortbestaan en voorspoed was dit afhanklik van Westerse samewerking. Hoe swaar die kwessie van unifikasie van die verdeelde vaderland ook al geweeg het, moes Westerse samewerking noodwendig as van primêre belang beskou word.

Dit was 'n fundamentele beginsel van die Wes-Duitse beleid om Oos-Duitsland nie as soewereine staat te erken nie; en volgens die Hallsteinleer sou erkenning deur ander state as 'n onvriendelike daad beskou word. Hiermee is 'n groot mate van welslae behaal. Maar wat aanvanklik as 'n voordeel beskou is, het mettertyd die uitwerking gehad dat dit diplomatieke beweging deur Wes-Duitsland aan bande gelê het.

Teenoor die eerste tekens van détente het Duitsland wantrouig gestaan, en die vereiste is gestel dat dit met unifikasie gepaard moet gaan. Faktore wat verantwoordelik was dat daar gaandeweg 'n veranderde houding ingetree het, was onder andere:

Eerstens, die stilstand en selfs agteruitgang in die Europese integrasiebeweging, hoofsaaklik deur die houding van president De Gaulle.

Tweedens, die ontwikkelinge in Oos-Europa waarna vroeër

verwys is, te wete die ontluiking van nasionale identiteite, beginnende op ekonomiese en intellektuele gebied. By laasgenoemde is aansluiting gevind, want die Duitse intellektuele tradisie is sentraal-Europees.

Derdens, die Berlynse muur wat die besef laat deurdring het dat die verdeling van Duitsland nie bloot deur Westerse eenheid ongedaan gemaak kan word nie. As sodanig was dit die keerpunt in die Duitse houding en beleid.

Die kentering het vaart gewen veral as gevolg van die memorandum van die Duitse Evangeliese Kerk van Oktober 1965, getiteld *Die Lage der Vertriebenen und das Verhältnis des deutschen Volkes zu seinem östlichen Nachbarn — Eine evangelische Denkschrift.* Hierin is die eensydigheid van die opvattings van die vlugtelinge uit die Ooste blootgelê, en die gevolg was 'n dramatiese meningsverandering.

Daar was ook die uitwerking van buitelandse omstandighede waarvoor die oë nie gesluit kon word nie: Die Russiese gedetermineerdheid om die *status quo* te handhaaf; die Amerikaanse strewe om die Oos-Wes-konfrontasie te versag, soos weer beklemtoon in president Johnson se toespraak van Oktober 1966; en president De Gaulle se deurbraak na Oos-Europa (in sommige kringe as die Generaal se „flirtasie" met die kommuniste beskryf!).

Nadat Erhard die kanselierskap van wyle Konrad Adenauer oorgeneem het, het sake vinnig na 'n krisis ontwikkel. Ekonomiese voorspoed was nie langer voldoende kompensasie vir Duitsland se ondergeskikte politieke rol nie: daar was nou die begeerte na gelyke seggenskap in die beslissing van die sake van Europa en die Weste. Maar dit was veral die verdeeldheid van Duitsland wat nie langer met gelatenheid aanvaar kon word nie, en twyfel aangaande die beleid van die verlede het ontstaan. Die gevoel van politieke frustrasie het bygedra tot die vervanging van Erhard deur Kiesinger as kanselier en die totstandkoming van die koalisie tussen die CDU en die SPD. Die besef wat gaandeweg posgevat het, was dat die Duitsers nie langer net getroue bondgenote en goeie Europeërs moet wees nie, maar in die eerste plek na hulle eie sake en belange moet omsien. En dit verg 'n heroorweging van die verhouding tot die V.S.A., met die waarskynlike resultaat van groter selfstandigheid teenoor Washington.

'n Verdere vereiste was 'n nuwe verhouding met Oos-Europa, omdat dit duidelik geword het dat die oogmerk ten opsigte

van Oos-Duitsland uiteindelik net bereik sal kan word deur 'n algemene Europese vredesreëling. Met die oog hierop moet aanvaar word dat daar geen alternatief vir détente is nie. Die Kiesinger-bewind, met Willy Brandt as Minister van Buitelandse Sake, het hom dan ook van die staanspoor af toegespits op verstewiging van die betrekkinge met Oos-Europa; en op 1 Februarie 1967 kon aangekondig word dat diplomatieke betrekkinge met Roemenië aangeknoop sou word ter aanvulling van die offisiële handelsbetrekkinge wat reeds met dié land en Pole, Hongarye en Bulgarye bestaan het. Dit was die begin van die beweging om vir Duitsland meer bewegingsvryheid in die internasionale politiek te verseker.

Om 'n ooreenkoms by 'n eventuele vredesreëling te kan bereik, word tans ingesien dat Duitsland tot opoffering bereid sal moet wees. Soos by geleentheid deur Helmuth Schmidt gestel, moet die Duitsers besef en aanvaar dat hulle nie by die vredesreëling 'n oorlog kan wen wat hulle totaal verloor het nie![5]) Dit sal onder meer moet insluit:

1. Erkenning van die huidige Oos-Europese grense.
2. Minstens stilswye oor die Oder-Neisse-grenslyn, met die gedagte om dit as onderhandelingsmiddel by die vredesluiting te gebruik.
3. Die bereidheid om van die moontlike besit van kernwapens af te sien.
4. Ekonomiese vergoeding, veral aan die Russe indien hulle bereid sou wees om van hulle voordele in Oos-Duitsland af te sien.
5. Aanvaarding van die feit dat sodanige vredesreëling Oos-Duitsland nie kan likwideer nie.

Maar wat Oos-Duitsland betref — en dis die kern van die probleem — word as eis gestel dat dié staat 'n transformasie sal moet ondergaan, sodat sy regering meer verteenwoordigend van die bevolking sal wees; en dán kan pogings tot hereniging, ens. aangewend word. So lank dit nie die geval is nie, kan Oos-Duitsland nie erken word nie en moet daar ooreenkomstig die bedoelings van die Hallsteinleer probeer word om erkenning deur ander state te voorkom.

Die moontlikheid van 'n reëling deur die neutralisering van Duitsland, die sg. Oostenrykse oplossing, word sonder meer verwerp, ook deur die ander Westerse State, omdat besef word dat 'n staat van die grootte en mag van Duitsland een-

voudig nie 'n aandeel in die internasionale besluitvorming ontsê kan word nie; en indien dit wel sou gebeur, sal hy opnuut 'n bron van spanning en onrus word en boonop oor die magsewewig in Europa kan beslis.

Die beslissende mag in hierdie sake berus natuurlik by Rusland. Op grond van die onoorkomelike vrees vir 'n verenigde Duitsland, en ook omdat die huidige toestand tot sy voordeel is, sal Rusland moeilik tot 'n vredesreëling beweeg kan word, behalwe miskien as onderdeel van 'n omvattende reëling tussen Oos en Wes want, soos voorheen aangetoon, het die Russe wel deeglik belang by wêreldvrede. Met brandpunte elders in die wêreld en die potensiële gevaar as gevolg van die verspreiding van kernwapens word gemeen dat die moontlikhede in hierdie opsig aan die verbeter is.

Intussen is dit 'n deel van die Russiese beleid om sy posisie te versterk deur pogings om die Amerikaners uit Europa te kry. Terwyl enersyds met Amerika onderhandel word, word andersyds probeer om Wes-Europa van die V.S.A. te skei, veral deur betrekkinge met die anti-Amerikaanse president De Gaulle te onderhou. Dit is ook die bedoeling met die Russiese voorstel vir 'n Europese veiligheidsreëling ter vervanging van die NAVO- en Warschauverdrag. Omdat dit egter die Russiese oorwig in Europa sal bevestig, is hierdie gedagte nie vir die Weste aanvaarbaar nie.

Daarom is die tweede vereiste, naas die Russiese bereidheid, dié van Amerikaanse deelname. Soos Raymond Aron dit uitgedruk het: as die Europeërs nie die oorlog sonder die Amerikaners kon wen nie, kan hulle ook nie vrede sonder hulle sluit nie.[6]) Ter wille van die Weste se afdingingsvermoë mag die V.S.A. hom dus nie aan Europa onttrek nie. En om dié rede sal Frankryk ook bereid moet wees om met die V.S.A. saam te werk.

Soos sake tans staan, skyn so 'n ingrypende reëling soos dié ten opsigte van die hereniging van Duitsland en die toekoms van Europa ondenkbaar sonder Russiese en Amerikaanse samewerking. Gesamentlik sal hulle ook die handhawing van die nuwe reëling moet waarborg.

Daar is feitlik onbeperkte geleenthede om oor die toekomstige moontlikhede te spekuleer. Maar intussen word die situasie al hoe dringender en vermeerder die gevaar deur 'n toestand wat vir die Duitsers griewend en onaanvaarbaar is en 'n plofbare situasie in die hart van Europa vorm, te laat

voortduur. Onthou moet word dat Hitler en die Nazisme die reaksie op Versailles en die Duitse vernedering ná die Eerste Wêreldoorlog was. En alhoewel die omstandighede tans in belangrike opsigte van die destydse verskil, kan 'n radikale reaksie as gevolg van die gesloer en gebrek aan vordering nie uitgesluit word nie. Twee verskynsels wat as waarskuwing in dié verband dien, kan aangehaal word. Die eerste is die ontstaan van die Nasionaal-Demokratiese Party en die tweede is die toestande aan die Vrye Universiteit van Berlyn. Dié inrigting — van alle plekke — het volgens getuienis ontwikkel „into a centre of radical socialist and, in some instances, even near-communist and revolutionary thought"; dit het geword „a hotbed of protest against not only the German *embourgeoisement* but western policies and ideologies as well, of violent anti-Americanism engendered by the Vietnam war, and of a non-conformism bordering on a state of permanent revolt".[7]) Begryplik wek die toestand ernstige kommer: die jeug is immers die draers van beskouings wat volgens die gewone loop van sake in die toekoms veld sal wen.

Die saak geld egter meer as net die Duitsers, omdat dit per slot van sake gaan om die probleem wat grondliggend aan sowel die Eerste as Tweede Wêreldoorlog was, naamlik die plek van Duitsland in Europa. En as sodanig raak dit nie net Europa nie maar inderdaad die hele internasionale orde.

'n Faktor wat in dié situasie gedurende die afgelope jare 'n bepalende rol gespeel het, is die optrede van Frankryk onder leiding van president De Gaulle. Hieraan sal nou verdere aandag geskenk word.

### Die buitelandse beleid en optrede van Genl. De Gaulle

Sedert genl. De Gaulle in 1958 Staatshoof geword het, speel Frankryk opnuut 'n rol van daadwerklike betekenis in Europa en in die internasionale politiek in die algemeen. Deur die eie koers wat hy ingeslaan het, het hy 'n nuwe wending aan sake gegee. Die resultaat is egter dat die Generaal vandag die mees omstrede figuur onder die staatsmanne van die wêreld is, terwyl Frankryk as 'n onberekenbare faktor in die internasionale politiek beskou word. Dit alles maak 'n studie van die beleid en strewe van die President en sy land gebiedend noodsaaklik.

Een van die oorsake van die stryd en verwarring omtrent

die persoon en optrede van genl. De Gaulle is die gebrek aan kennis van die agtergrond en 'n begrip van die beginsels van sy beleid. Die gevolg is dat dikwels, soos deur 'n skrywer gestel[8]): „The historian is tempted to dismiss the General as one of the ghosts of French history". Ná sy ondersoek en die aanwysing van sekere grondbeginsels lê hy egter die stelling neer: „These principles suggest that de Gaulle is not an isolated phenomenon or an anachronism, but a phenomenon relevant to France".

Hierdie uitspraak weerlê die populêre en oppervlakkige beskouing dat De Gaulle 'n eksentrieke individu is wat vir die oomblik die Franse politiek oorheers, maar wat na sy verdwyning min spore op die toneel sal agterlaat. Hierteenoor moet beklemtoon word, soos in die aanhaling gesuggereer, dat De Gaulle die persoonlikheid van die Franse volk weerspieël en verteenwoordig; daarom dat sy beleid en optrede ook aanklank vind by die Franse volksaard.

Die fundamenteelste karaktertrek van De Gaulle is dan ook sy byna mistieke geloof in die grootheid van Frankryk. Die herstel en handhawing van die vaderland se status as grootmoondheid, wat hom op grond van beskawing, kultuur en geskiedenis toekom, is daarom die allesoorheersende faset van sy strewe. Hierop berus ook sy aanspraak op leiding vir Frankryk in die sake van Europa, en 'n aandeel en seggenskap in aangeleenthede in die res van die wêreld waar beslissinge van internasionale belang geneem word. Hiermee hang ook saam die karaktertrek wat sy beslag gekry het gedurende die eeue van sy bestaan as leierstaat en wat by geleentheid deur die Minister van Buitelandse Sake soos volg gestel is (volgens die Engelse weergawe): „France, as long as it has been France, has had the feeling of having a mission and has had an instinctive sense of the universal".[9])

In Wes-Europa het De Gaulle die politieke integrasiebeweging tot stilstand gebring omdat dit in onversoenlike stryd met sy opvatting van nasionale soewereiniteit is. Vir hom is die nasionale staat onvervangbaar as staatkundige instelling vir die beste ontplooiing van die volkskragte; en daarom die kernagtige formulering van sy siening as „'n Europa van die vaderlande".

Met hierdie beginsels en oogmerke is De Gaulle die vertolker van die ideale en begeertes van die Franse met hulle herinnering aan die grootse verlede; maar ook van die Euro-

peërs wat nou, in die sestigerjare, in opstand kom teen die oorheersing van die supermoondhede; selfs ook van diegene buite Europa wat prys stel op die beginsel van nasionale selfbeskikkingsreg. En dit verklaar die wêreldwye aansien van De Gaulle en die goedgesindheid teenoor Frankryk ten spyte van die skerp veroordeling uit invloedryke kringe. En daarom is De Gaulle nie 'n anachronisme nie!

Behalwe rasegte Fransman is De Gaulle ook hartgrondige Europeër. Sy Europa-visie is deur 'n landgenoot, Alfred Grosser, in 'n artikel in 'n Britse tydskrif soos volg gestel: „To him Europe is not just an instrument of French *grandeur*, but rather a new political entity in which France must certainly play a decisive role, an entity which at the same time, is acquiring the individual characteristics of a nation".[10]) In die verklaring waarna hierbo verwys is, het die Minister van Buitelandse Sake, sprekende met die stem van sy meester, dit op dié wyse verduidelik (volgens die Engelse teks): „I mean that Europe must be European ... A European Europe means quite simply an independent Europe. That is to say, a restored Europe, that historic centre of economic activity, civilization and power capable once again of having its influence felt in the world, with its resources and its policy".

Sy siening van die Europa van die toekoms staan in noue verband met sy strewe om voorrang vir Frankryk te verkry: omdat laasgenoemde nie meer in staat is om in die eeu van supermoondhede 'n beslissende rol te speel nie, kan dit na sy oortuiging slegs deur Europa geskied, maar dan 'n Europa wat in ere herstel is.

Die herstel — deur 'n reëling ten opsigte van Duitsland en die gevolglike opheffing van die verdeeldheid van die vasteland — kan in die oë van De Gaulle nie deur 'n daad van die twee supermoondhede geskied nie, maar slegs ingevolge 'n ooreenkoms tussen Oos- en Wes-Europa. Om die normale betrekkinge tussen die twee dele te herstel, moet die huidige skeidslyne uitgewis word, die konfronterende blokke afgetakel word en die tweepolige sisteem verdwyn. En om die daad by die woord te voeg, het Frankryk daartoe oorgegaan om betrekkinge met Rusland en die state van Oos-Europa aan te knoop, en daarmee terselfdertyd aangesluit by die tradisionele Franse buitelandse beleid.

In sy bekende uitdrukking het De Gaulle Europa aangedui as „van die Atlantiese Oseaan tot die Oeralgebergte", en hom

daarmee teen die idee van 'n Atlantiese gemeenskap en insluiting van die V.S.A. uitgespreek. Uitskakeling van Amerika uit die sake van Europa het 'n belangrike pyler van die De Gaulle-beleid geword. Die motiewe hiervoor is die volgende:

1. Antipatie teen die Angelsaksers veral as gevolg van die oorlogstydse ervarings van die Generaal.
2. Die geloof dat Europa 'n rol in die wêreld moet speel deur die belangrikheid van sy beskawing; en daarom moet die Amerikaanse pragmatistiese en materialistiese invloede wat hieraan vreemd is, geweer word.
3. Die oortuiging dat dit 'n voorwaarde is vir Europa om met Rusland tot 'n verstandhouding te geraak.
4. Die opvatting dat Amerikaanse beskerming nie meer onontbeerlik is nie; en boonop is dit onbetroubaar, want daar is die gevaar dat die V.S.A. in sy optrede teenoor Rusland die belange van Europa kan veronagsaam, of hom selfs op 'n ongeleë tydstip aan Europa kan onttrek.

Daar is skrywers wat meen dat daar selfs 'n verdere motief is, naamlik die oortuiging van De Gaulle dat die Russe nie bereid sal wees om onbepaald aan die kortste end teen Amerika te trek nie. Europa moet dus as derde mag 'n balanserende rol speel; en daarom dat De Gaulle dit in belang van die vrede beskou om die Russe by geleentheid te ondersteun, want só word minstens voorkom dat Europa die slagoffer sal raak van 'n botsing tussen dié twee konkurrente om die oppergesag in die wêreld.

Die houding van De Gaulle ten opsigte van die vraagstuk van Duitsland is vanselfsprekend belangrik. Dis immers dié probleem in verband met die nuwe bedeling, in die skepping waarvan Frankryk 'n leidende rol opeis. Daar is ook die botsing en stryd van die verlede tussen die twee buurstate, wat as bepalende faktor in aanmerking geneem moet word. Wat laasgenoemde betref, het daar 'n dramatiese wending gekom danksy De Gaulle en Adenauer se beleid van toenadering en vriendskap wat op die verdrag van Januarie 1963 uitgeloop het. Verder is dit die Franse strewe om Duitsland in bedwang te hou deur inskakeling in 'n omvattender organisasie, in dié geval hoofsaaklik die Europese Gemeenskapsmark, waarin Frankryk probeer om die toon aan te gee.

Om die verdeling van Duitsland ongedaan te maak, is die Franse resep dié van détente en toenadering tot Oos-Europa.

Die standpunt dat die Duitsers die Oder-Neisse as Oosgrens moet aanvaar en van die besit van kernwapens moet afsien, is terselfdertyd 'n versekeringspolis teen die moontlikheid van toekomstige bedreiging!

Met die afname in die Russiese gevaar en Frankryk politiek, ekonomies en militêr (deur die beskikking oor eie kernwapens) in 'n gunstige posisie, is De Gaulle se aandag veral op die Oos-Wes-verhouding in Europa toegespits. Daarom dat die teenstelling met die V.S.A. verskerp is en onder andere gelei het tot die onttrekking van Frankryk aan die NAVO-krygsmagte en die opdrag dat troepe en installasies van dié organisasie van Franse bodem verwyder moet word.

Intussen word die pogings voortgesit om op vriendskaplike voet met die res van die wêreld te verkeer. Onder andere deur persoonlike besoeke van die Generaal word pogings aangewend om die kontak met tradisionele Franse invloedsfere te herstel in Afrika, Asië (daarom die betrekkinge met China en die veroordeling van die Amerikaanse oorlogvoering in Viëtnam), die Nabye Ooste, Latyns-Amerika en Kanada. Dis bereken om enersyds die belange van Frankryk as grootmoondheid te bevorder en om andersyds sy onafhanklikheid van die V.S.A. te demonstreer.

Indien 'n waardebepaling van genl. De Gaulle se optrede gemaak word, is dit nie moeilik om 'n lys van onbeantwoorde vrae of bedenkinge op te stel nie. Daar is byvoorbeeld sy opvatting van „Europa van die Atlantiese Oseaan tot die Oeralgebergte", waardeur slegs die Europese gedeelte van Rusland betrek word. Verder, of dit verstandig is om die posisie van die Weste in Europa te verswak met die oog op die eventuele onderhandelings met Rusland. Die voorbeelde kan verder aangevul word.

Dis ook duidelik dat Rusland die Franse optrede gerieflik vind in sy stryd teen die V.S.A., veral om laasgenoemde uit Europa te kry. Maar soos tydens die krisis in die Nabye Ooste geblyk het, gesels hy wêreldpolitiek slegs met Amerika, ten spyte van genl. De Gaulle se pogings om vir Frankryk (en Brittanje) 'n aandeel te verkry.

Maar aan die positiewe kant staan die onbetwisbare feit dat De Gaulle 'n eie bydrae gelewer het om noodsaaklike ontwikkelinge waaraan die sestigerjare 'n behoefte gehad het, in te lui of te versnel. Dis nie nodig om die voorbeelde te herhaal nie. En dis op grond hiervan dat hy nie 'n „geïso-

leerde verskynsel" is nie.

'n Verdere aspek wat nie uit die oog verloor mag word nie, is die feit dat De Gaulle op eeue van Franse deelname aan en ervaring van grootmoondheid-politiek kan bou. Daarom kan sy beleid en optrede nie sonder meer as wispelturig bejeën en afgeskryf word nie. In die huidige Europese situasie en internasionale politiek is Frankryk en sy president faktore van beslissende betekenis.

Hoe dit op die oomblik veral ten opsigte van Brittanje se poging om tot die Euromark toe te tree die geval is, sal uit die verdere bespreking blyk.

**Brittanje en die Euromark**

Die drang na die politieke vereniging van Wes-Europa, wat in die naoorlogse jare sterk was, het tot dusver geen praktiese resultaat opgelewer nie; en tans het dit heeltemal na die agtergrond verskuif. Die ekonomiese samewerking en integrasie, daarenteen, het tot kragdadige ontplooiing gekom en is besig om steeds vordering te maak. 'n Bewys hiervan is onder andere die skepping vanjaar van 'n gesamentlike kommissie as uitvoerende orgaan vir die drie instellinge, die Europese Gemeenskapsmark (kortweg bekend as die Euromark), die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap en Euratom (die kernkrag-organisasie). 'n Besonder belangrike gebeurtenis in die tiende bestaansjaar van die Euromark is verder die aansoek van Brittanje om lidmaatskap, nadat sy eerste poging in 1963 deur president De Gaulle geveto is.

Die voorgenome toetrede van Brittanje is, miskien ietwat oordrewe, as 'n keerpunt in die geskiedenis beskryf. As egter daaraan gedink word dat dié land van die sestiende eeu af toe daar met die opbou van 'n koloniale ryk begin is, konsekwent met sy aangesig weg van die Vasteland gestaan het, dan is die verandering inderdaad betekenisvol. Toe hy enkele maande gelede oor dié „bekering" gepraat het, het sir Patrick Reilly, die Britse ambassadeur in Frankryk, dit beskryf as die resultaat van „one of those extraordinary and mysterious processes which determine the destiny of great nations". Verre van byna onpeilbaar te wees is die oorsake van die radikale verandering in die Britse beleid egter betreklik maklik aanwysbaar uit die huidige binnelandse toestande en internasionale posisie van die land.

Eerstens is daar die *ekonomiese* motief.

Die afgelope jare al gaan dit met die Britse ekonomie, in teenstelling met die toestand in die Euromarklande, nie voor die wind nie. Om 'n ernstige krisis te voorkom moes die regering verlede jaar drastiese maatreëls tref. Die aansoek om lidmaatskap is nou 'n gevolg van die begeerte om die voordele van die Euromark vir Brittanje te bekom. Dis immers 'n feit dat die hedendaagse nywerhede, op grond van hulle groot kapitaalbeleggings en noodsaaklike uitgawes aan navorsing, behoefte het aan 'n groot afsetgebied. Die V.S.A. dien in dié verband ook as voorbeeld. En dan is daar die gesamentlike Brits-Franse onderneming in verband met die bou van die Concordvliegtuig wat as bewys van die behoefte aan internasionale samewerking op dié gebied aangehaal word.

Die Amerikaanse maatskappye soek op die oomblik op ongekende skaal na beleggingsvelde buite die V.S.A., en die Britte vrees dat hulle land verbygegaan sal word indien dit 'n geïsoleerde mark bly. Die Vasteland sal dan die voordeel van dié beweging geniet.

Verder word van Britse kant daarop gewys dat hulle handel al hoe minder op die Statebondslande en die V.S.A. gerig raak en al hoe meer na die Vasteland neig. Dit is 'n aanduiding van waar die natuurlike bestemming van Brittanje op ekonomiese gebied lê.

Die *politieke* dryfvere is nie minder gewigtig nie.

In die huidige magsverhouding kan Brittanje slegs as lid van 'n groter organisasie 'n rol van betekenis in die internasionale politiek speel. (Soos gesien, geld dit ook van Frankryk). Weens die ontbinding van die Britse ryk en die toestand van die Statebond kan dit nie meer langs dié weg geskied nie; ook nie in geselskap van die V.S.A. nie, omdat Brittanje te veel deur dié land oorskadu word. Die aangewese weg is dus om dit in 'n vennootskap van sy gelykes te doen, dus as lid van 'n Europese blok.

So 'n stap is nie in stryd met Brittanje se verlede nie. Die Britse beleid was immers deur die eeue op handhawing van die magsewewig op die Vasteland gerig. Die moontlikheid van Franse oorheersing of onstabiliteit as gevolg van die optrede van Duitsland dien dus as aansporing vir die Britte om in hulle eie belang meer intiem met Europa te skakel.

Alhoewel van ondergeskikte betekenis, is daar ook die gedagte om, veral deur ekonomiese samewerking, 'n bydrae

te lewer tot die poging om ontspanning in die Oos-Wes-verhouding in Europa te bewerkstellig.

Aangesien die karakterverandering van die Statebond 'n belangrike faktor in die Europa-beweging van Brittanje is, verdien dit verdere aandag. Die Britse „disenchantment with the Commonwealth" was 'n gevolg van:

1. Afname in die betekenis vir die Britse handel, waarna reeds verwys is.
2. Die feit dat die ouer lede, veral Australië en Nieu-Seeland, omrede van hulle posisie in die Ooste al hoe meer op die V.S.A. in plaas van op Brittanje begin aanleun het.
3. Versaking van geëerde Britse politieke en regsbeginsels deur sommige van die Afro-Asiatiese lede.
4. Onbeheerste optrede van dieselfde groep, selfs teen Brittanje.
5. Tweespalt tussen lede, byvoorbeeld Indië en Pakistan, en die onvermoë van die Statebond om die geskille by te lê.
6. Mislukkings soos die Wes-Indiese Federasie en die Federasie van Rhodesië en Njassaland — assosiasies wat die lewenskrag en aanpasbaarheid van die Statebond moes demonstreer.
7. Immigrasie uit die nie-blanke lande en die gevolglike spanninge in Brittanje, wat bewys het dat die Statebond as model van veelrassige assosiasie 'n ydele droom was.

'n Bekende Britse blad het onlangs van die huidige Statebond gesê: „It connects unlike-minded people who are far from united and seldom very happy in each other's company".[11]) Dis te verstaan dat so 'n organisasie nie as grondslag en raamwerk vir die Britse ekonomiese, politieke en militêre strewe kan dien nie; en daarom moes 'n plaasvervanger gevind word. Maar omdat geen Britse Eerste Minister die reputasie wil hê dat hy die Statebond gelikwideer het nie, word met die organisasie voortgegaan asof dit die moeite werd is. Dis in elk geval so 'n losse organisasie dat hy kwalik kan „verbrokkel"!

Wat die verhouding met Amerika betref, het die Londense *Times* van 4 Januarie 1967 in 'n artikel, getiteld „Why so little remains of the special relationship", daarop gewys dat die waarde van 'n land vir dié supermoondheid bepaal word deur sy bydrae tot die veiligheid van die wêreld. Brittanje se bete-

kenis is in dié opsig betreklik gering, en weens sy onttrekking aan strategiese gebiede (veral „Oos van Suez") neem dit nog af. Daar is ook gevalle van teenstrydige beleid met dié van die V.S.A., byvoorbeeld die Britse handel met Noord-Viëtnam en Kuba. As gevolg van die „neutraliteit" van sommige van sy lede of die openlike vyandigheid van ander is ook die Statebond nie 'n bate nie. Alles in ag genome, word dan die stelling neergelê dat dit tans vir Brittanje voordeliger is om aansluiting by Wes-Europa te soek; en dat dit waarskynlik ook die beste vir die V.S.A. sal wees.

Deur die Britte word die saak ook só ingesien; daarom dat hulle ten spyte van die gemeenskaplikheid van taal en kultuur en die noue verbintenis tydens en ná die oorlog, ooreenkomstig die advies van bogenoemde stuk handel om sodoende aan die satellietverhouding met die V.S.A. te ontsnap.

Die Amerikaanse aansporing geskied met die oogmerk om deur die Britse lidmaatskap 'n kanaal vir kapitaalbelegging daar te stel. Belangriker is egter die oorweging dat op dié wyse bygedra kan word tot groter politieke stabiliteit op die Vasteland, deurdat Brittanje as balanserende faktor vir Frankryk en Duitsland sal kan optree. Boonop is die Amerikaners tans gretig om hulle verpligtinge dáár te verminder, en dit kan slegs geskied as Europa in staat is om in 'n ruimer mate vir homself te sorg.

Vir Brittanje sal dit nie die onmiddellike oplossing van sy ekonomiese vraagstukke wees nie. Dit mag selfs gebeur dat die betalingsbalansprobleme wat hy tans ondervind, gedurende die eerste tyd verskerp sal word. Die onrusbarendste aspek is die verwagte styging in die pryse van landbouprodukte, na berekening tussen tien en veertien persent, en dít sal weer tot 'n verhoging van tussen twee en drie persent in die lewensduurte aanleiding gee. Die regering is egter oortuig dat die voordele, veral op die lange duur, hiervoor ruimskoots sal vergoed.

Van Britse kant word verwag en veral beklemtoon dat die beoogde toetrede die Euromark sodanig sal versterk dat ook die bestaande lede daarby sal baat. Dit sal nie alleen 'n gevolg van die vergroting van die mark wees nie, maar veral omrede van die Britse leierskap op tegnologiese gebied, meer bepaald ten opsigte van kernkragontwikkeling, die lugvaart en elektroniese rekenaars.

Oor die Britse aansoek is die Euromarklande verdeeld.

Die kleiner lande, met Nederland op die voorpunt, ondersteun dit geesdriftig, omdat so 'n stap gerusstellend sal wees in 'n situasie waarin daar argwaan teenoor die Franse bestaan en die Duitsers nie ten volle aanvaar word nie. Duitsland, weer, is voor 'n moeilike keuse gestel: hy is ten gunste van toelating maar durf Frankryk nie aanstoot gee nie. En soos in 1962/63 is dit nogmaals Frankryk wat bedenkinge het. Die huiwering berus, eerstens, op *ekonomiese* gronde. Daar is die vrees dat Brittanje se ekonomiese probleme van hom meer 'n las as 'n bate sal maak; dat die Britse toetrede, wat moontlik deur dié van ander lande van die vryhandelsgebied (EFTA) gevolg sal word, nuwe probleme sal skep, terwyl die bestaande nog nie opgelos is nie; en verder dat dit tot 'n struktuurverandering van die Euromark sal lei, wat nie begeer word nie.

Fundamenteler is die besware van *politieke* aard. Dit behels die volgende:

President De Gaulle glo dat die toetrede tot 'n versterking van die Angelsaksiese, en veral Amerikaanse, invloede in Europa sal dien. Hy twyfel ook of die Britte hulle opreg en hartgrondig tot Europa bekeer het: daar is nog te veel bande met die Statebond en die V.S.A. Gevrees word dat Brittanje — getrou aan sy reputasie as *Perfide Albion* — eintlik die voordele van drie wêrelde wil inpalm: dié (hoofsaaklik ekonomiese) van die Euromark; dié van die Statebond (oorwegend politiek); en dié van die Anglo-Amerikaanse samewerking. En dan is daar die oortuiging dat dié stap tot 'n vermindering van die Franse invloed kan lei, dat Brittanje, gesteun deur die kleiner Euromarklande, die leierskap wat president De Gaulle vir Frankryk opeis, sal betwis.

Selfs genl. De Gaulle is deur die aansoek voor 'n lastige probleem gestel. Feit is dat Brittanje net soos Frankryk op die beginsel van nasionale soewereiniteit gesteld is, al word dit nie so uitgesproke bely nie. Die Britte het trouens toetrede eers begin oorweeg, toe dit duidelik geword het dat die Europese beweging vir politieke integrasie sy krag verloor het. Verder moet aanvaar word dat Europa, sonder Britse medewerking, dit steeds moeiliker sal vind om veral op tegnologiese gebied sy selfstandigheid teenoor die V.S.A. te handhaaf; en ook sy politieke onafhanklikheid as afsonderlike entiteit wat deur De Gaulle begeer en nagestreef word.

Volgens die huidige aanduiding skyn dit asof daar wel goeie moontlikhede vir die Britse toelating bestaan. Maar

waarskynlik sal die toetrede oor 'n tydperk versprei word om, enersyds, die geleentheid vir wedersydse aanpassing te bied en, andersyds, as proeftydperk te dien waartydens die Britte die bewyse sal moet lewer dat hulle Europa-gerigtheid sonder voorbehoude geskied.

Indien en wanneer die toetrede plaasvind, sal dit ongetwyfeld 'n stap van wye trefkrag en uitwerking wees, want afgesien van Brittanje en die Euromark sal ook die EFTA-lande daardeur geraak word; maar selfs ook Oos-Europa en die verhouding met Amerika. En as sodanig staan dit in verband met die huidige algemene mobiliteit in die internasionale sfeer en die beweging om beslag te gee aan 'n nuwe orde in Europa.

**Europa en Suid-Afrika**

Uit die oorsig van die belangrikste tendense en probleme het hopelik geblyk hoe dat feitlik al die drade van die huidige internasionale politiek in die Europese patroon ingeweef is; ook dat Europa tans die saamtrekpunt van sommige van die dringendste en kragtigste bewegings van ons tyd is. Daarom dat 'n studie van dié wêrelddeel so verhelderend is ten opsigte van die huidige internasionale problematiek.

Daar is ook 'n verdere rede waarom die studie noodsaaklik is, en wel omdat elkeen van die vier aspekte van die huidige Europese situasie van wesentlike belang vir Suid-Afrika is.

Wat Brittanje se moontlike toetrede tot die Euromark betref, moet daarop gewys word dat dié stap die Republiek direk sal affekteer, omdat ons land nog steeds Statebondsvoorkeure in die Britse mark geniet. Indien Brittanje lid van die Euromark word en dié voordele wegval, soos ongetwyfeld sal gebeur, sal Suid-Afrika op gelyke voet met byvoorbeeld die V.S.A. moet konkurreer, terwyl produkte van lande van die Gemeenskap op gunstiger voorwaardes toegelaat sal word. Boonop sal Suid-Afrika aan die algemene bepalings van die Euromark onderhewig wees, wat ook nadelig kan wees. Daar is wel die seisoensvoordeel wat die nadele enigsins sal teëwerk. Maar as in gedagte gehou word dat ongeveer een derde van ons uitvoere na Brittanje gaan en ongeveer die helfte daarvan geraak sal word, is dit duidelik hoe intiem Suid-Afrika se belange hiermee gemoeid is. Daarom dat die Regering die saak noukeurig dophou en bestudeer.

Die saak gaan egter verder. Ten spyte van die feit dat Suid-

Afrika nie meer lid van die Statebond is nie, is daar nog talle bande en verbintenisse met Brittanje wat deur baie jare ontwikkel het. Om dié rede sal die lot van dié land en sy internasionale posisie minstens vir die afsienbare toekoms vir Suid-Afrika van besondere belang bly.

Is dit nodig om te beklemtoon wat die betekenis van Frankryk gedurende die afgelope jare vir Suid-Afrika was? Deurdat dié land, anders as Amerika en Brittanje, geweier het om hom in die V.V.O. deur die Afro-Asiatiese vyande van Suid-Afrika op sleeptou te laat neem, of om hom deur dieselfde groep te laat intimideer oor wapenlewering, is 'n belangrike bydrae gelewer om die internasionale aanslag teen Suid-Afrika af te weer. As die *Times* van Londen vroeër vanjaar van die Generaal kon sê dat „he is the one living European statesman of genius", dan het Suid-Afrika seker des te meer rede om besondere waardering vir die president van Frankryk te hê. In die lig hiervan sal daar in die komende jare ten opsigte van ons buitelandse betrekkinge (en dit sluit veel meer as die bloot diplomatieke in) beslis nouer aansluiting by die Franse gesoek moet word. Die nuwe rigting en onortodokse politiek van De Gaulle het ook vir Suid-Afrika besondere betekenis.

Hoef daar, wat Duitsland betref, gesê te word hoe die lot van dié stamverwante volk, met sy verdeelde vaderland en die onvermoë om dit ongedaan te maak, die Afrikaner ter harte gaan? Maar dis nie bloot 'n geval van menslike deernis nie. Soos aangetoon, is die toestand van Duitsland bepalend vir die toekoms van Europa sowel as vir die vrede in die wêreld. En hierdie is sake waarby almal, ook Suid-Afrika, belang het.

Dit geld ook van die konfrontasie van die groot magte, sodat die gunstige wending in die Oos-Wes-verhouding ook vir die inwoners van die Suidpunt van Afrika 'n verblydende ontwikkeling behoort te wees. Want in die huidige magstryd op wêreldskaal is geen deel van die aarde van belang ontbloot nie. Dat dit ook in 'n besondere mate op die Republiek van toepassing is, het die oorlog in die Nabye Ooste weer getoon deur die waarde van die seeweg om die Kaap en daarmee ook die strategiese belangrikheid van Suid-Afrika te onderstreep.

Maar om tot Europa en Suid-Afrika terug te keer, moet ten slotte benadruk word dat die vestiging en ontwikkeling van die blanke beskawing hier te lande 'n resultaat van Europa se beheersing van die wêreld was. Tussen dié twee wêrelddele

het daar dan ook gedurende die afgelope drie eeue hegte bande bestaan. Daarom sal die lotgevalle van Europa ook in die toekoms vir die Republiek van Suid-Afrika steeds van groot belang bly en moet daar besondere waarde aan sy verbintenis met dié vasteland geheg word.

LITERATUURVERWYSING:


1. Die referate wat op die konferensie gelewer is, is gepubliseer as Adelphi Paper No. 33, getiteld: *Western and Eastern Europe, the changing relationship.* Die uitspraak waarna verwys word, verskyn op p. 44.
2. *Survey, a journal of Soviet and East European studies,* No. 58 (Januarie 1966), p. 18.
3. Vgl. Adelphi Paper No. 33, pp. 24—25, 43—44.
4. Vgl. W. Albeda: „Oost en West, op de drempel van een nieuw tijdperk?" *Anti-revolutionaire staatkunde,* 37e Jaargang, Nr. 6 (Junie 1967).
5. Adelphi Paper No. 33, p. 48.
6. Aangehaal in *Internationale Spectator,* Jaargang IX, Nr. 7, p. 519.
7. *Survey,* No. 61 (Oktober 1966), pp. 135—136.
8. Douglas Johnson: „The Political Principles of General De Gaulle", *International Affairs,* Vol. 41, No. 4 (Oktober 1965).
   Vgl. ook die artikel van William Pickles: „Making sense of De Gaulle", in dieselfde tydskrif, Vol. 42, No. 3 (Julie 1966).
9. Gepubliseer deur die pers- en inligtingsdiens van die Franse ambassade onder die titel: *French Foreign Policy — statement made by the Minister of Foreign Affairs in the National Assembly, 16th June, 1965.*
10. „General de Gaulle and the foreign policy of the Fifth Republic", *International Affairs,* Vol. 39, No. 2 (April 1963).
11. *The Economist,* 6 Mei 1967, p. 546.